EIMS | ENVIRONMENTAL IMPACT MANAGEMENT SERVICES

15 April 2024

Ons verw.: 1623/JP/AM

PASA-verw.: 12/1/048

Aan wie dit mag aangaan

Geagte Meneer of Mevrou:

**KENNISGEWING RAKENDE GELEENTHEID OM DEEL TE NEEM AAN OMGEWINGSMAGTIGINGSAANSOEKPROSES VIR DIE VOORGESTELDE SEARCHER- SEISMIESE OPNAME BASIESE ASSESSERINGPROJEK, WAT AFLANDIG GELEË IS EN WAT STREK SOWAT 256 KM VANAF DIE KUS VAN ST. HELENABAAI TOT SOWAT 220 KM VANAF DIE KUS VAN HONDEKLIPBAAI AAN DIE WESKUS, SUID-AFRIKA.**

Searcher Geodata UK Bpk. (hierna verwys as die applikant - Searcher) het onlangs ’n 3D-seismiese opname aflandig van die Weskus van Suid-Afrika onderneem as deel van die verkenningspermit 12/1/043. Die opname het in Januarie 2024 begin en ten einde geloop in April 2024. Weens die feit dat ’n verkenningspermit slegs geldig kan wees vir 1 jaar sal die 043-permit op 10 November 2024 verval.

Searcher kon nie die beoogde opname gedurende die 2023-2024 seisoen voltooi nie weens die haalbare verkrygingstydperke en vaartuigbeskikbaarheid. Searcher het gevolglik aansoek gedoen vir ’n nuwe verkenningspermit vir dieselfde gebied. ’n Nuwe omgewingsmagtiging sal benodig word om Searcher in staat te stel om voort te gaan onder ’n nuwe verkenningspermit.

Searcher het Environmental Impact Management Services (Edms.) Bpk. (EIMS) aangestel as die omgewingsevalueringspraktisyn (OEP) om te help met die vereiste magtigingsprosesse (insluitend die statutêre openbare deelname), en om die vereiste dokumentasie saam te stel en in te dien ter ondersteuning van die aansoek vir Omgewingsmagtiging (OM) in ooreenstemming met die Omgewingsimpakbepaling- (OIB-)regulasies (GRN982 van 2014, soos gewysig)- Gelyste Aktiwiteit 21(b) (GNR 983): *Enige aktiwiteit insluitend die uitvoering van daardie aktiwiteit wat ’n verkenningspermit benodig ingevolge artikel 74 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne sowel as enige ander toepaslike aktiwiteit soos vervat in hierdie Noteringskennisgewing of in Noteringskennisgewing 3 van 2014 wat vir die uitoefening van die verkenningspermit vereis word, uitsluitend (a) enige lessenaarstudie en (b) enige lugopname.*

Searcher stel voor om ’n 3D- seismiese opname aflandig van die Weskus van Suid-Afrika te onderneem. Die voorgestelde projekgebied is geleë tussen sowat 256 km vanaf die kus van St. Helenabaai, en strek noord langs die westelike kuslyn tot sowat 220 km vanaf die kus van Hondeklipbaai. Die opnamegebied by die naaste punt is sowat 218 km aflandig van die kus van die Wes- en Noord-Kaap. Die opnamegebied se hoekkoördinate is soos volg (verwys na die aangehegde liggingskaart):

| # | Lengtegraad (O) | Breedtegraad (S) | # | Lengtegraad (O) | Breedtegraad (S) | Let wel: |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | ~14° 04’ 01.4328” | ~30° 14’ 20.3646” | 12 | ~13° 58’ 47.2533” | ~32° 10’ 00.5402” | 1: Aanwysende koördinate; die mees westelike grens van die permitgebied aan kante 10-20 sluit die limiet van die 200 sm. Suid-Afrikaanse EES in en is onderhewig aan verandering.<br>2: Aanwysende koördinate; die grens van die permitgebied aan kante 20-1 lê op die internasionale mediaan tussen Namibië en Suid-Afrika en is onderhewig aan verandering. |
| 2 | 14° 16’ 06.5743” | 30° 27’ 02.4644” | 13 | ~13° 50’ 17.2474” | ~31° 53’ 40.5803” | |
| 3 | 14° 47’ 37.1143” | 31° 00’ 01.3293” | 14 | ~13° 47’ 47.2497” | ~31° 49’ 20.6094” | |
| 4 | 14° 53’ 02.6665” | 31° 05’ 40.9497” | 15 | ~13° 44’ 07.2416” | ~31° 42’ 20.6158” | |
| 5 | 14° 59’ 56.5256” | 31° 05’ 40.9497” | 16 | ~13° 41’ 17.2488” | ~31° 36’ 40.6302” | |
| 6 | 15° 09’ 38.6339” | 31° 05’ 40.9497” | 17 | ~13° 33’ 07.2379” | ~31° 15’ 30.7137” | |
| 7 | 15° 09’ 38.8124” | 31° 15’ 01.0986” | 18 | ~13° 28’ 17.2401” | ~31° 01’ 20.7564” | |
| 8 | 15° 09’ 38.8811” | 32° 00’ 01.2222” | 19 | ~13° 24’ 37.2354” | ~30° 50’ 40.7684” | |
| 9 | 15° 09’ 38.9210” | 32° 35’ 25.5423” | 20 | ~13° 21’ 01.7084” | ~30° 39’ 24.9181” | |
| 10 | ~13° 54’ 25.9869” | ~32° 35’ 33.6389” | 21 | ~13° 35’ 39.2243” | ~30° 32’ 20.7014” | |
| 11 | ~13° 54’ 27.2447” | ~32° 33’ 10.4617” | 22 | ~13° 47’ 32.1985” | ~30° 25’ 05.6174” | |

EIMS sal die prosedures volg soos omskryf in die Omgewingsimpakbepaling- (OIB-)regulasies (GRN982 van 2014, soos gewysig) vir die uitvoering van ’n basiese bepaling- (BB-)proses. ’n Openbare deelnameproses sal in ooreenstemming met hoofstuk 6 van die OIB-regulasies uitgevoer word. U word hiermee genooi om te registreer en kommentaar te lewer op die voorgestelde projek en aansoek(e).

Om te verseker dat u geïdentifiseer en geregistreer is as ’n belanghebbende en geaffekteerde party en dat u kommentaar vasgelê word, moet u asseblief u naam, kontakbesonderhede en die rede vir u belangstelling of enige kommentaar skriftelik of telefonies by

**A** 8 Dalmeny Road, Pine Park, Randburg **| PO** Box 2083, Pinegowrie 2123, South Africa
**T** (011) 789-7170 **| F** (086) 571- 9047

**A** Regus Business Centre, 14 Stewart Drive, Berea, East London**| PO** Box 19731, Tecoma, 5214, South Africa
**T** (043) 783-9826 **| F** (086) 571- 9047

**W** www.eims.co.za **| E** mail@eims.co.za **| Bes.-reg** 1992/005927/07**| BTW** 489 013 9027

**Direkteure:** L. Whitlow, A. Smith.

EIMS indien. Neem asseblief kennis dat slegs geregistreerde B&GP's direk ingelig sal word oor toekomstige projekinligting en geleenthede vir deelname. Om te verhoed dat u geleenthede vir openbare deelname misloop, moet u asseblief B&GP-registrasies, of enige navrae, kommentaar of bekommernisse met betrekking tot hierdie aansoek, teen 20 Mei 2024, by EIMS indien by:

Kontakpersoon: Alex Msipa

EIMS-verwysingsnommer: 1623

Posadres: P.O. Box 2083; Pinegowrie; 2123

Telefoon: (011) 789 7170/ Faks: (086) 571 9047

E-pos: Searcher48@eims.co.za

Bykomende dokumentasie is beskikbaar op die Environmental Impact Management Services (Pty) Ltd webwerf by die volgende skakel, of skandeer die QR-kode hierbo. Neem asseblief kennis dat in die geval dat jy weens databeperkings nie toegang tot die webwerf kan kry nie, kontak asseblief EIMS vir alternatiewe reëlings.

https://www.eims.co.za/2024/04/12/1623-searcher-seismic-survey-048-basic-assessment-project/

Sluit asseblief die projekverwysingsnommer **1623** by alle korrespondensie in.

Vriendelike groete

Openbaredeelname-span